



My kleinkinders se onnies - Anton Pienaar


Die kleinkinders kuier by ons die vakansie. Aan tafel gaan die twee oudste niggies aan die praat. Oor hulle skole. Een van Mpumalanga en een van die Wes-Kaap. Amper gelyktydig stroom dit uit hulle uit: "Weet ouma hoe goeie wiskunde-onderwyser het ons! Ek het eers gesukkel maar nou gaan dit baie beter." "Ek ook," sê die ander een: "My wiskunde-juffrou is eintlik Duits, maar sy maak ons so opgewonde vir wiskunde, ek doen ook baie beter".

Die krag van 'n gemeenskap is geleë in sy onderwysers, daarvan is ek baie seker. Onderwysers vorm kinders, inspireer hulle, sit hulle op 'n lewenspad wat ouers dikwels nie kan nie. As onderwys verkeerd loop, en die inspirerende onderwyser is nie meer daar nie, gaan 'n samelewing agteruit.

Ouers wat onderwysers intimideer en dreig, help nie hulle kinders nie, hulle kalwe goeie onderwys weg. Net so ook ouers wat glad nie ondersteunend by hulle kinders se skole teenwoordig is nie. Onderwysowerhede wat sy onderwysers se werk reduceer tot administrasie, steel kinders se opvoeding. Ek sê dankie vir my kleindogters se wiskunde-onnies en alle ander onderwysers wat ons kinders se lewens vorm!

Sondag 1 November se erediens

Daar is Sondag net een erediens in Stellastraat. Die **09:00 erediens** word deur Tienie gelei uit 1 Petrus 3:13-21 met die tema 'Gered deur water'. Baie welkom aan Nic Grové, die seun van Alewyn en Annali wat as nuwe lidmaat gedoop word tydens die diens. Onthou om te registreer indien jy die erediens wil bywoon. Gebruik die volgende skakel <https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6> of skakel die kerkkantoor (012 460 8570). Sondag se 09:00 erediens kan ook nie lewendig ge-videostroom word nie, maar 'n video-opname word voor-af gemaak en sal wel op die Youtube-kanaal beskikbaar wees. Soek net na **Stellastraat Live** op die Youtube-kanaal of klik hier www.youtube.com/c/stellastraatlive



Die **Tuis-Adoramus** is deur Anton voorberei. Indien jy daaraan wil meedoen kan jy die volgende skakel gebruik <http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-1-November.pdf>

Aanstaande **Sondag, 8 November**, gaan ons weer begin met ons weeklikse Adoramusdienste in die kapel. Ons sal steeds die protokolle volg, daarom vra ons dat jy ook vir die Adoramusdiens sal registreer. Willem gaan die Adoramus van 8 November lei.




Bottel- en bordaand 11 November - Sosiale media se dorings

Verlede week is Samul Paty, 'n onderwyser in Frankryk vermoor nadat 'n hele veldtog op sosiale media teen hom gevoer is. Die persoon wat Paty vermoor het, het 'n prent van die onderwyser se verminkte kop op sosiale media geplaas.

Wartoe is sosiale media as medium in staat? Dit kan mense verontreg, maar dit kan ook die waarheid na vore bring. Daar is soveel nut aan sosiale media, ons sal nooit weer daarsonder kan nie. Maar sosiale media het dorings wat gaan sukkel om nie in die vleis te vrot nie.

Op **Woensdag 11 November 19:00** gaan ons daaroor praat tydens die bottel- en bordaand. Die eerste sodanige geleentheid wat ons gaan probeer na die streng covid-inperkings. Dr Neil van Heerden van Unisa gaan die gesprek lei. Vir die beplanning van die aand sal dit baie help as jy kan laat weet as jy daar gaan wees. Kontak asseblief die kerkkantoor (012 460 8570) of vir Tienie (083 627 5086).



Jumble Sale of oortollige uitverkoop? 4 en 5 November

Daar is 'n klompie klere oor in ons stoor nadat ons heelwat van die skenkings kon versprei na instansies in die stad. Ons het besluit om die oortollige klere op 'n **Jumble Sale** te verkoop ten bate van die Faith Community. Die datums en tye vir die verkoping is op **4 November (14:00-16:00)** en **5 November (07:00-09:00)**. Indien iemand nog klere of kombuisware wil skenk vir die projek, kan dit gerus by die Kerkkantoor afgelaai word.

Kerssangdiens wat die corona klop!

Hou jou solank reg vir ons jaarlikse Kerssangdiens op **Sondag 29 November**. Vanjaar gaan dit 'n opelug-byeenkoms wees, om verskeie redes. Fay, Maricus en Jattie beplan die heerlike aand van sang en somer vir ons.

Kersfeeskosmark op 4 Desember

Daar is somer groot opgewondenheid oor ons tweede kosmark! Die eerste kosmark, wat tydens die hoogbloei van die covid-inperkings plaasgevind het, het soveel aftrek gekry dat ons besluit het om 'n tweede een te hou. Hierdie keer noem ons dit ons **Kersfeeskosmark** en dié gaan plaasvind op **4 Desember**.

Bestellings sal weer op die **Foodbooking-toepassing** gemaak kan word. Ons hoop om teen 5 November die toepassing weer reg te hê vir bestellings. Indien die tegnologie jou die laaste rondte gepooitjie het sal jy hierdie rondte by die kerkkantoor ook jou bestelling kan plaas. Hou die Blitsnuus dop vir meer inligting. Meeste van die verskaffers wat vir die vorige kosmark voorberei het, staan weer reg. Maar, as jy ook op die manier wil deelneem, kontak asseblief vir Fay. Sluitingsdatum vir aansoeke is 2 November.

Ons dink aan Esta Prins se broer Johan, wat op Upington woon, wat baie ernstig siek is.

Verjaarsdae 1 - 7 November

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 1 November:

Fransie du Toit, Andrie Lombard, Louisa Maré, Chaan Strydom, Mareli Vorster, Gerrit Worst.

Maandag 2 November:

Konstant de Vos, Dirk Grobler, Ria Joynt, Pieter Lange, Joan Leonhardt, Nicolaas Pretorius, Suzanne Roberts, Adriaan Roeloffze, Jacques Roux, Hanro Roux, Eduan Roux, Johan Uys, Debbie van den Berg.

Dinsdag 3 November:

Maxie Bester, Ximus du Plooy, Flip Janse van Rensburg, Miemie Jordaan, Werner Kruger, Stefanie Oosthuysen, Annelie Pieterse, Duan Schoeman, Zander Spruyt, Anri Willemse, Wilma Willemse.

Woensdag 4 November:

Francois de Kock, Bernard Potgieter, Francois Retief, Müller Snyman, Mila Visagie.

Donderdag 5 November:

Audrey Beukes, Leoné Breed, Keegan Coetzee, Maritha Koortzen, Bettie Reynders, Marina Spies.

Vrydag 6 November:

Johann Kotzé, Jacomine Maré, Gerrit Olivier.

Saterdag 7 November:

Amirah de Beer, Nina Kirsten, Janu Pienaar, Johan van Gass, Gaby von Berg, Norma Wiehahn.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570

Faks: 086 480 7844

Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:

Bank - ABSA

Tjekrekeningnommer

540 580 022

Takkode - 632 005



www.stellastraat.co.za

